# Polisie-sukses 2

Dié polisiekegel is saam met polisie-uniforms, 'n glimbaadjie, 'n blou lig, ammunisie en saakdossiere by 'n huis in Mamelodi gekry. Foto's: JACO MARAIS

Gevind: 'n Stapel saakdossiere.

Gevind: Vermoedelik gesteelde luidsprekers en radio's.

# Opsporingstelsel lei na huis met gesteelde goed

Hilda Fourie

Wat gister met 'n sein van 'n gesteelde voertuig begin het, het geëindig met die beslaglegging op ses vermoedelik gesteelde voertuie, asook polisie-uniforms, -toerusting en -dossiere.

'n Polisielid wat 'n tyd gelede geskors is, is onder die verdagtes wat in verband met dié vonds gesoek word.

Lede van die Pretoria-blitspatrollie en die Tracker-opsporingsdiens het kort voor 07:00 'n sein van 'n Opel Corsa-bakkie in Mamelodi, in die ooste van Pretoria, gekry. Die bakkie is eergisteraand in Centurion gesteel. Dié sein het hulle na 'n huis in Hlekanistraat gelei.

Kapt. Johannes Maheso, polisiewoordvoerder, het gesê toe die polisielede die erf se hek oopmaak, was die Corsa-bakkie, asook 'n soortgelyke een, 'n VW Golf en 'n Toyota Condor daar.

Die Condor het op sy aste gestaan en was gestroop.

*Beeld* het verneem twee verdagtes het weggehardloop toe die polisie by die huis aankom. Die polisie het een agtervolg. Hy het weggekom, maar by 'n huis sowat 'n blok verder het die polisie op 'n Mini Cooper afgekom wat verlede jaar in Johannesburg gesteel is.

'n Ford Bantam wat ook daar gestaan het, is ook vroeër as gesteel aangemeld.

Polisielede het die huis binnegegaan en op polisie-uniforms, 'n polisie-kegel, 'n blou lig, 'n polisie-glimbaadjie, ammunisie en polisiedossiere afgekom.

Maheso het gesê die man aan wie die huis behoort, is 'n polisie-inspekteur wat 'n tyd gelede uit die polisie geskors is. Hy was verbonde aan die Sunnyside-polisiekantoor. Dit is nie bekend hoekom hy geskors is nie.

Die polisie soek ook nog na hom.

Volgens Maheso word die moontlikheid ondersoek dat TV- en hoëtroustelle en radio's in die huis ook gesteel is.

'n 32-jarige vrou wat in die huis woon waar die Corsa-bakkie gevind is, is gearresteer op 'n aanklag van die besit van 'n vermoedelik gesteelde voertuig.

Maheso het gesê nog verdagtes sal na verwagting gearresteer word.